HEBREW PEOPLE BIED AAN



# HEBREEUS IS LEKKER MAKLIK!

Werkboekie vir die Kursus

deur
Tiaan Nel

# שָׁלוֹם

Welkom by hierdie wonderlike reis om Hebreeus te leer! Dankie dat jy saam met ons leer en dat ons hierdie pad saam met jou mag stap.

Moet asb nie hierdie werkboek kopieër of versprei nie.
As jy belangstel in ons leermateriaal, kontak Tiaan gerus.

Die aanlyn lesse is beskikbaar op www.kolkallah.com

Stuur jou huiswerk asseblief altyd direk vir Tiaan Nel:
tiaan@hebrewpeople.com
+27 82 097 0408

Geniet dit!

*Drukkervriendelike idee: stel jou drukker in om vanaf die tweede bladsy te begin druk en in swart en wit te druk.*

Die lesse is op 'n donasie basis. Donasies is welkom en kan hier inbetaal word:

*T Nel*
*Absa Bank*
*9178127919*
*Tjek rekening*

**Kleur kodes:**

In Hebreeus word voornaamwoorde, werkwoorde en byvoeglike naamwoorde in manlike en vroulike geslagte gekategoriseer . Ons sal die volgende kleurkodes gebruik om dit vir jou makliker te maak:
Blou vir manlike woorde of die manlike manier om iets te sê
Rooskleur vir vroulike woorde of 'n vroulike manier om iets te sê
Groen vir woorde wat vir manlik en vroulik gebruik word

In vandag se les leer ons al die persoonlike voornaamwoorde, 'n paar teenoorgesteldes, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde en 'n nuwe Bybelvers. Ons begin ook vandag om na die patroon van die taal te kyk. Lekker leer!

Ons almal stem saam dat **Hebreeus pret is** en vandag leer ons hoe om dit in Hebreeus te sê.

| | |
|---|---|
| pret | כֵּיף |
| Hebreeus is baie pret! | עִבְרִית זֶה כֵּיף מְאוֹד! |

**Persoonlike voornaamwoorde:**
*Ons het al 'n paar persoonlike voornaamwoorde geleer en vandag kyk ons na hulle almal. Soos julle sien is daar 'n manlike en 'n vroulike vorm vir jy, julle en hulle. Onthou dat 'n groep vroulik is solank as wat daar net vroue in die groep is. Sodra 'n man, 'n seun of 'n baba seuntjie in die groep is, gebruik ons die manlike vorm.*

*Soos julle sien gebruik ons nie die woorde u of U in Hebreeus nie. God word met* אַתָּה *aangespreek en dis heeltemal reg om almal te jy en jou!*

| | | |
|---|---|---|
| Ek | אֲנִי | |
| jy | אַתָּה | |
| jy | אַתְּ | |
| hy | הוּא | |
| sy | הִיא | |
| ons | אֲנַחְנוּ | |
| julle | אַתֶּם | |
| julle | אַתֶּן | |
| hulle | הֵם | |
| hulle | הֵן | |

**Huiswerk:**
Maak asb. 'n stemnota van die 10 persoonlike voornaamwoorde en stuur die opname vir Tiaan. Jy hoef nie die Afrikaans by te sê nie.

**Grammatika – persoonlike voornaamwoorde**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Ek** | 1ste persoon enkelvoud | | אֲנִי | | *'Ani' word vir altwee geslagte gebruik, maar die werkwoorde, selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde wat na 'ani' volg, moet vervoeg word volgens die geslag van die persoon wat praat.* |
| **jy** | 2de persoon enkelvoud | אַתְּ | | אַתָּה | |
| **hy / sy** | 3de persoon enkelvoud | הִיא | | הוּא | |
| **ons** | 1ste persoon meervoud | | אֲנַחְנוּ | | *'Anachnu' word vir manlike en vroulike groepe gebruik, maar die werkwoorde, selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde wat na 'anachnu' volg, moet vervoeg word volgens die geslag van die groep wat praat.* |
| **julle** | 2de persoon meervoud | אַתֶּן | | אַתֶּם | |
| **hulle** | 3de persoon meervoud | הֵן | | הֵם | |

→ אֲנִי en אֲנַחְנוּ word gebruik wanneer die 1ste persoon praat. Die eerste persoon word gebruik wanneer ek self praat of 'n groep waarvan ek 'n deel is. Albei woorde begin met אנ.

→ אַתָּה, אַתְּ, אַתֶּם en אַתֶּן word gebruik vir die 2de persoon. Die tweede persoon is die persoon of die groep met wie ek self direk praat (jy en julle). Soos jy kan sien begin al die woorde in die 2de persoon met את!

→ הוּא, הִיא, הֵם en הֵן word vir die 3de persoon gebruik. Dit is die persoon of groep oor wie ek praat. Al die woorde in die 3de persoon begin met die letter ה!

**Lees hierdie sinne en vertaal hulle asseblief in Afrikaans:**

| | |
|---|---|
| אֲנִי רוֹצָה מַיִם בְּבַקָּשָׁה. | אֲנִי טָס הַיּוֹם. לְהִתְרָאוֹת! |
| אַתְּ רוֹצָה מַיִם. | אַתָּה טָס הַיּוֹם. לְהִתְרָאוֹת! |
| הִיא רוֹצָה מַיִם. | הוּא טָס הַיּוֹם. |
| אֲנַחְנוּ בָּאוֹת. | אֲנַחְנוּ בָּאִים. |
| אַתֶּן בָּאוֹת. | אַתֶּם בָּאִים. |
| הֵן בָּאוֹת. | הֵם בָּאִים. |

**Grammatika**
**Die patroon van die Hebreeuse taal**

Soos jy alreeds geleer het, is in Hebreeus alle voornaamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde en 'n aantal ander woordsoorte **geslagspesifiek**. Selfs kleure, gevoelens en enige beskrywende woord moet vervoeg word om by die persoonlike voornaamwoord te pas. **Ons het die patroon van Hebreeus al geleer!** Die patroon is dieselfde as die vervoegingspatroon wat vir werkwoorde gebruik word, dus is dit nie regtig 'nuut' nie. Dit is net iets waaraan jy gewoond moet raak. En, as ek vir jou raad mag gee, dan is dit hierdie: Hoe vinniger jy dit uit jou kop uit leer, hoe makliker vir jou.

**In Les 104 het ons geleer:**

- Wanneer ons 'n woord vervoeg, begin ons met die manlike enkelvoud en dit is die vorm wat gebruik word vir אֲנִי, אַתָּה, הוּא. Ons noem dit ook die basiese vorm van die woord.

- Wanneer ons die woord wil vervoeg om daarvan die vroulike enkelvoud te maak sodat dit gebruik kan word vir אֲנִי, אַתְּ, הִיא, heg ons altyd 'n ה of 'n ת agter aan die woord. Hoe weet ek wanneer om watter een te gebruik? Dit is ongelukkig nou maar net iets wat jy saam met die woord sal moet leer…

- 'n Woord word manlik meervoudig deur ים aan te heg en word gebruik vir die voornaamwoorde אֲנַחְנוּ, אַתֶּם, הֵם

- en vir die vroulike meervoudvorm wat gebruik word saam met die woorde אֲנַחְנוּ, אַתֶּן, הֵן, gebruik ons die agtervoegsel וֹת.

**→Let wel:**

- Hierdie patroon en manier om te vervoeg is geldig vir alle woordsoorte wat vervoeg moet word om by die persoonlike voornaamwoord te pas.
- Die byvoeglike naamwoord staan in die sin altyd na die selfstandige naamwoord. In Hebreeus sê ons nie **'n Rooi bal** nie, ons sê **'n Bal rooi**. *(Byvoeglike naamwoord is die woord wat gebruik word om die selfstandige naamwoord te beskryf. Dis woorde soos rooi, groot, duur, oulik, ens.)*

| | |
|---|---|
| 'n Rooi bal. | כַּדּוּר אָדוֹם. |

Die woord 'bal' is manlik en daarom moet die woord wat die bal beskryf ook manlik wees. Die woord 'bal' is in die enkelvoudvorm en daarom moet die woord, wat die bal beskryf, ook in die enkelvoudvorm wees. In ons voorbeeld word die woord 'rooi' dus in Hebreeus in die manlike enkelvoudvorm geskryf.

Byvoeglike naamwoord: rooi

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | אֲדוּמָּה | אָדוֹם | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | אֲדוּמּוֹת | אֲדוּמִּים | Manlik meervoud |

Wanneer ons die beskrywende woord *‚rooi'* vervoeg, gebruik ons die patroon wat ons geleer het. Let wel: Die vokale het verander! Sien jy dit? *(Ad**o**m, Ad**oe**ma, Ad**oe**miem, Ad**oe**mot)*
*(Wanneer jy die woorde leer, dan leer hulle soos 'n rympie; soos ons destyds ons* 'go, went, gone' *en* 'sing, sang, sung' *geleer het. Die verskil is dat die vervoegings wat ons nou leer almal in die hede is en a.g.v. die geslag van die woord plaasvind. )*

**Nuwe woorde en hoe hulle vervoeg word**

Werkwoord: kom (לָבוֹא)

| | | | |
|---|---|---|---|
| | אֲנִי | | אֲנִי |
| בָּאָה | אַתְּ | בָּא | אַתָּה |
| | הִיא | | הוּא |
| | אֲנַחְנוּ | | אֲנַחְנוּ |
| בָּאוֹת | אַתֶּן | בָּאִים | אַתֶּם |
| | הֵן | | הֵם |

Werkwoord: liefhê / om lief te hê (לֶאֱהוֹב)

| | | | |
|---|---|---|---|
| | אֲנִי | | אֲנִי |
| אוֹהֶבֶת | אַתְּ | אוֹהֵב | אַתָּה |
| | הִיא | | הוּא |
| | אֲנַחְנוּ | | אֲנַחְנוּ |
| אוֹהֲבוֹת | אַתֶּן | אוֹהֲבִים | אַתֶּם |
| | הֵן | | הֵם |

→ *'Liefhê' is een van die werkwoorde waar ons 'n TAW gebruik wanneer ons na vroulik enkelvoud vervoeg.*

**Jy wil weet hoe om te sê: 'Ek is lief vir jou?' Dan kyk na die opname van die les op www.kolkallah.com!**

Selfstandige naamwoord: kind

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | יַלְדָּה | יֶלֶד | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | יְלָדוֹת | יְלָדִים | Manlik meervoud |

Byvoeglike naamwoord: mooi / pragtig


| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroulik enkelvoud | יָפָה | יָפֶה | Manlik enkelvoud |
| Vroulik meervoud | יָפוֹת | יָפִים | Manlik meervoud |

| | |
|---|---|
| | יַלְדָּה יָפָה טָסָה. |
| | |
| | חַלּוֹת גְּדוֹלוֹת. |
| | |
| | אֲנָשִׁים טוֹבִים. |
| | |

→ *Soos jy kan sien word die beskrywende woorde soos 'tow' en 'ghadol' ook vervoeg om by die selfstandige naamwoord te pas. Al die beskrywende woorde wat ons tot dusvêr geleer het soos warm, koud, groot en selfs die kleure moet almal vervoeg word om by die selfstandige naamwoord of die geslag van die persoon te pas.*

**Teenoorgesteldes:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| stadig | | לְאַט | ≠ | מַהֵר | | vinnig |
| min / 'n bietjie | | קְצָת | ≠ | הַרְבֵּה | | baie |



**Opdrag:**
Skryf 'n lekker dialoog tussen Abraham en Sara. Gebruik die woorde en beskrywende woorde wat jy reeds geleer het. Wees kreatief en geniet dit!

**Bybelvers**
Om die dieper geestelike betekenis van die Bybelvers te verstaan, kyk asb. na die opname. Daar is soveel skatte wat ons in Hebreeus kan ontdek! *Wat het die woorde 'Hodu' en 'HalleluYah' in gemeen?*

**Psalm 118:1**

| | | |
|---|---|---|
| Gee dank! (bevel) | | הוֹדוּ |
| aan Jod-He-Waw-He | | לַיהוה |
| want | | כִּי |
| (Hy) (is) goed | | טוֹב |
| want | | כִּי |
| vir altyd (en oral) | | לְעוֹלָם |
| Sy barmhartigheid (hou aan) | | חַסְדּוֹ |

→ Die letter וֹ aan die einde van die woord חַסְדּוֹ praat oor SY barmhartigheid; net soos die letter JOD aan die einde van die woord עוֹזִי (Les 104 - *my sterkte*) aandui, dat dit MYNE is.

**Huiswerk:**
Skryf hierdie Bybelvers asb. in Hebreeus neer. Stuur ook asseblief vir Tiaan 'n stem nota waar jy hierdie vers lees of opsê.

**Ekstra opdrag i.v.m. ons Bybelvers:**
- Vind die woorde 'aan'
- Vind die agtervoegsel wat aandui dat iets 'syne' is

**Woordeskat:**

| Afrikaans | Enkelvoud | Meervoud | Plek om te oefen |
|---|---|---|---|
| Psalms | | תְּהִלִּים | |
| barmhartigheid | חֶסֶד | חֲסָדִים | |
| mense | | אֲנָשִׁים | |
| baie | הַרְבֵּה | | |
| bietjie | קְצָת | | |

**Werkwoorde:**
Vervoeg asseblief die werkwoorde in die werkwoord-kaart wat julle as .pdf dokument gekry het. Leer die werkwoorde en maak maklike sinnetjies om jou te help onthou.

Onthou asb. om jou huiswerk en enige vrae wat jy het vir Tiaan te stuur!